

16 April

1 Tessalonisense 4:13-18

(Teks: 4: 13)

Hoopvol!

Ken jy troosteloosheid en troosloosheid en ontroosbaarheid? Troosteloosheid beteken soveel as verlatenheid. 'n Ontembare gevoel van eensaamheid en verlorenheid. Troosteloosheid beteken dat jy verniet na troos soek. Ontroosbaarheid beteken dat troos jou nie bereik nie. Paulus vat hierdie ellendes saam as hy praat van *diegene wat geen hoop het nie!*

Dit gaan in hierdie gedeelte oor die afsterwe van dierbares en die rou wat daaruit volg. Hy wil hulle troos met kennis. Hulle moet weet *sodat hulle nie treur soos die ander mense wat geen hoop het nie.* En die kennis wat nodig is, is dat elkeen en almal eweveel sal ontvang as die Here weer kom. In Tessalonika was daar mense wat gedink het dat die wat reeds gesterf het voor die Here kom, sal agterstaan by dié wat dan nog lewe.

Dit kan nie want wie reeds gesterf het en wie nog lewe sal by die wederkoms van die Here by Hom wees. Dit is die troos: *"troos mekaar dan met hierdie woorde."* Die wat in Hom glo is immers reeds by Hom of hulle gesterf het en of hulle nog leef: *"Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe en wie lewe en in My glo sal nooit sterwe tot in ewigheid nie."*

Troosteloos? Soos die ander wat geen hoop het nie?

Nooit... ons Verlosser leef!

Sing Psalm 23

Ds. P.B. de Klerk (Stilfontein)